higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 3

(9020023)

6 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

294Q1S2006

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n ouderdom-verwante toestand uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1-1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Blokkering as gevolg van 'n bloedklont in die brein	A	osteoporose
1.1.2	Verminderde sensitiwiteit vir klank	B	Parkinson se siekte
1.1.3	Poreuse bene as gevolg van verlies van kalsium	C	Alzheimersiekte
1.1.4	Onvermoë om urinering te beheer	D	rumatoïede artritis
1.1.5	Progressiewe breinsiekte wat verlies aan spierbeheer veroorsaak en lei tot bewerasie/skudding en swak balans	E	beroerte
1.1.6	Ernstige verlies van geheue wat met tyd vererger	F	osteoartritis
1.1.7	Vertroebeling van die lens van die oog	G	hoë bloeddruk
1.1.8	Chroniese outo-immuunsiekte wat inflammasie van die voering van die gewrigte veroorsaak	H	katarakte
1.1.9	145/100 mmHg	I	demensie
1.1.10	Die natuurlike verwering van die kraakbeenvoering van die gewrigte	J	urinêre inkontinensie
		K	gehoorverlies

(10 × 1) (10)

1.2 Definieer die term *mishandeling*. (1 × 2) (2)

1.3 Noem DRIE tipes mishandeling. (3)

1.4 Noem SES algemene seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) ('STIs'). (6)

1.5 Noem en verduidelik EEN ander metode uitsluitend die gebruik van kondome, waardeur jy jouself teen SOI's kan beskerm. (1 + 1) (2)

1.6 Verduidelik waarom die meeste voorbehoedmiddels nie individue teen SOI's beskerm nie. (4 × 1) (4)

1.7 Waarom het adolessente en jong volwassenes 'n hoë risiko om SOI's op te doen? (3 × 1) (3)

[30]

Copyright reserved

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE tipes geweld en gee EEN voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

2.2 Noem VYF voorsorgmaatreëls wat getref moet word om die veiligheid van bejaardes by die huis te verseker. (5)

2.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Amy is 16 jaar oud en vir die eerste keer swanger. Sy is 10 weke swanger en haat elke oomblik daarvan. Sy het haar naaste kliniek besoek om oor 'n aborsie navraag te doen. Sy hou daarvan om alkohol te drink en weier om vodka prys te gee.

2.3.1 In watter trimester is Amy? (1)

2.3.2 Is Amy 'n primigravida of 'n multigravida? Verduidelik jou antwoord. (2 × 1) (2)

2.3.3 Noem VIER velveranderings wat Amy tydens swangerskap kan ervaar. (4)

2.3.4 Noem VIER spysverteringsveranderings wat Amy tydens swanger-skap kan ervaar. (4)

2.3.5 Noem VYF fisiese en geestelike defekte waaraan 'n baba kan ly, wie se ma alkohol tydens swangerskap drink. (5)

2.3.6 Verduidelik of Amy 'n wettige aborsie in Suid-Afrika mag kry of nie. (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Mense is verplig om te rapporteer as hulle vermoed dat bejaardes mishandel word.

3.1.2 Anemie is 'n eetversteuring wat gekenmerk word deur liggaamsmisvorming.

3.1.3 Daar is 'n neiging in die werkplek dat vroue beter as mans betaal word.

3.1.4 Vetsug ('obesity') is 'n vorm van wanvoeding.

3.1.5 Om nie te rook nie, kan die risiko van wiegiedood verminder. (5 × 1) (5)

Copyright reserved

3.2 Noem DRIE langtermyn voordele van goeie voeding tydens die kinderjare. (3)

3.3 Noem VYF voordele van borsvoeding. (5)

3.4 Beskryf borskanker onder elk van die volgende opskrifte:

3.4.1 Keuring ('screening') en toetsing (2 × 1) (2)

3.4.2 Tekens en simptome (3 × 1) (3)

3.4.3 Behandeling (2 × 1) (2)

3.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Thandi het haar naaste kliniek geskakel, omdat sy bekommerd is oor haar baba, Abongile, wat formulevoeding gebruik. Abongile se koors is hoog en sy het diarree vir meer as 2 dae. Sy het min geürineer en die kleur is baie donker.

3.5.1 Aan watter toestand kan Abongile ly? (1)

3.5.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.5.1. (2)

3.5.3 Noem DRIE tekens of simptome van die toestand wat nie in die scenario genoem word nie. (3)

3.5.4 Watter raad behoort die verpleegster aan Thandi te gee? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Wat is *verkragting*? (1 × 2) (2)

4.2 Noem DRIE faktore wat die risiko verhoog dat iemand tot geweld sal oorgaan. (3)

4.3 Noem VYF siektes waarvoor entstowwe vir babas beskikbaar is. (5)

Copyright reserved

4.4 Kategoriseer die versorger se taaklysie vir die dag as BASIESE of INSTRUMENTELE daaglikse aktiwiteite, waarmee sy haar klante bystaan:

help mev. K om aan te trek; gaan rolstoel se banddruk na; kook vir mnr. B; maak mev. D se katetersakkie leeg; maak seker dat mev. P haar medikasie neem; maak die beddens op; voer mnr. N; bad mev. X; doen inkopies vir mev. K; help mnr. B om sy rekeninge te betaal

Tabulateer jou antwoord in die ANTWOORDBOEK soos volg:

BASIES	INSTRUMENTEEL

(10 × 1) (10)

4.5 Hoe kan seksuele mishandeling 'n jongmens emosioneel of geestelik beïnvloed? (5 × 1) (5)

4.6 Waarom word voorvalle van seksuele aanranding dikwels nie gerapporteer nie? (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord of woorde uit die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Bevolkingsveroudering verwys na die toenemende deel van die bevolking wat (30/60) jaar en ouer is.

5.1.2 (Postpartum-depressie/Bipolêre versteuring) is algemeen by vroue nadat hulle geboorte gegee het.

5.1.3 Die (kognitiewe gedragsteorie/ontwikkelingsteorie) verduidelik dat 'n persoon se gehegtheid en aanvanklike skeiding van die primêre versorger 'n betekenisvolle invloed het op hoe die persoon angstigheid regdeur sy/haar lewe hanteer.

5.1.4 (Baarmoeder fibrome/Endometriose) is wanneer weefsel wat normaalweg die voering van die binnekant van die baarmoeder vorm, elders in die bekken of buik aangetref word.

5.1.5 Die term (spermarg/menarg) verwys na die eerste keer dat menstruasie by 'n vrou voorkom.

(5 × 1) (5)

5.2 Noem TWEE tipes geestelike versteurings. (2)

5.3 Definieer die term *geestesgesondheid*. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.4 Noem oorsake van geestesversteurings in elk van die volgende kategorieë:

5.4.1	Fisies/biologies	(2 × 1)	(2)
5.4.2	Sielkundig	(2 × 1)	(2)
5.4.3	Sosiaal en omgewing	(4 × 1)	(4)

5.5 Verduidelik die verskil tussen *immunisering* en *inenting*. (2 × 2) (4)

5.6 Waarom is dit belangrik dat kinders ingeënt word? (6 × 1) (6)
[30]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of elk van die volgende 'n voorbeeld van 'n OPSETLIKE of ONOPSETLIKE besering is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Opsetlik' of 'Onopsetlik' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Pleeg selfmoord na 'n egskeiding

6.1.2 Gly op die vloer by die werkplek

6.1.3 In 'n ander motor vasry wat jy nie gesien het nie

6.1.4 Huishoudelike geweld

6.1.5 Brand jouself met 'n paraffienlamp

(5 × 1) (5)

6.2 Definieer die term *onvrugbaarheid*. (3 × 1) (3)

6.3 Verduidelik die verskil tussen *primêre onvrugbaarheid* en *sekondêre onvrugbaarheid*. (2 + 2) (4)

6.4 Noem AGT aspekte in 'n vrou se lewe wat haar gesondheid beïnvloed. (8)

6.5 Waarom dink jy dat 'n toenemende aantal getroude paartjies sukkel met onvrugbaarheid? (4)

6.6 Wat kan moeders doen om die risiko van kindersterftes te verminder? (6)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou